Bougain Villa
aftree-oord retirement village

1556 Bougainvillea Drive
Montana Gardens,
Pretoria, 0182

Private Bag X6
Montana Park
0159

Reception Tel: 012 000 4437
H/O: 011 805 6316
Fax: 086 686 0686
Website: www.csiproperties.co.za
bougainvilla@csimanagement.co.za

Home Owners Association / Huiseienaarsvereniging: Reg no. 2013/189477/08

**April 2022**

# Bulletin

## Sonpaneel Projek

Die projek kom nog nie van die grond af nie. Die maatskappy wat die installasie gaan doen is gereed om te begin. Die finansiering is in plek. Alle tegniese aspekte is uitgeklaar. Die enigste probleem en vertraging is die munisipale goedkeuring van die projek. Ons doen alles in ons vermoë om die nodige druk uit te oefen om die goedkeuring afgehandel te kry. Elke maand se vertraging veroorsaak dat 'n besparing van R33 000 verlore gaan.

## Waterlekke

Daaglikse lesings van meters gee 'n presiese rekord van die hoeveelheid liters water wat PER UUR verbruik word.

Dis geruime tyd duidelik dat daar iewers 'n waterlek moet wees. Om die lekke te kan lokaliseer is alle afsluitkleppe duidelik gemerk met die eenheidnommers wat deur elke klep afgesluit word. Indien 'n waterpyp iewers bars, is dit nou moontlik om slegs die betrokke eenhede se water af te sluit vir die nodige herstelwerk.

Kleppe is in die nag toegedraai om lekke te kan lokaliseer. Dit het enkele kleiner aanduidings gegee van lekke. Die gekontrakteerde lekopspoorspesialis het 'n GROOT lek gevind naby die ingangshek nog VOOR die Oord se kleppe. Die lek is nou herstel, maar daar is duidelik nog ander lek(ke). Die lekopspoorspesialis sal verder soek, maar het ook aanbeveel dat alle meters in die Oord saamgelees word met die hoofmeter om beter lokalisering van lekke te kry. Die herstel van lekke sal redelike groot besparings bewerkstellig.

## Waterbeperkings

Waterbeperkings is nog altyd van toepassing omdat Rand Water se infrastruktuur nie die reservoirs kan vol hou nie. Die amptelike afgekondigde waterbeperkings is dat geen tuinslange gebruik mag word **tussen 6 uur in die oggend en 6 uur in die aand nie**.

Bestuur het egter gevoel dat weens die ouderdom van die inwoners, u toegelaat sal word om die tuinslang te **gebruik tot 9 uur soggens en weer vanaf 4 uur in die middag.** Bestuur gaan dit nie polisieer nie, maar die inwoners loop 'n risiko van afgekondigde boetes.

U word wel groot asseblief gevra om soveel water as moontlik te bespaar.

## Bouprojekte

Die toemaak van stoepe, die koffiewinkeluitbreidings en die braai area se planne sal hopelik voor die einde van die maand deur die munisipaliteit goedgekeur word. Die vertraging was veroorsaak deur die brandweer wat sekere planne vereis het. Hierdie planne wat deur die ontwikkelaar ingedien moes

gewees het, en waarskynlik ingedien was, is onopspoorbaar en is nou deur die Oord opgestel en ingedien.

## Herstel van Deure en Vensters

Die geregistreerde eenheid se grense word bepaal deur die middelpunt van die muur by ‘n deur of venster. Na binne van hierdie lyn is die verantwoordelikheid van die eienaar en na buite die Oord se verantwoordelikheid. Dit word genoem die median beginsel.

As ‘n deur of venster dus herstel moet word, word die koste gedeel as 50% vir die Oord en 50% vir die eienaar.

## Eet in die Eetsaal

Die aantal mense wat in die eetsaal eet neem geleidelik toe. Voorlopig is daar net die een sessie per dag totdat ons meer versoeke kry.

Kom eet in die eetsaal, dis ‘n aangename manier om vriende te maak en lekker saam te kuier

## Sorgeenheid

Die sorgeenheid is werklik ‘n 5-ster fasiliteit. Sr Ina reël opedae, en u word genooi om dan die Sorgeenheid te kom besoek. Hou die kennisgewingborde dop.

## Vloedskade

Met die groot reën het die Oord baie vloedskade gehad in 6 huise asook die veiligheidsheinings. Die versekering het die eis uitbetaal en die huise is klaar herstel. Die heinings en die kanaal sal voltooi wees by die einde van die maand. Totale eis het R250 000 beloop.

## Ambulans op die Perseel

Goeie nuus. Die ambulans parkeer weer binne die Oord. Dit beteken dat die ambulans net soveel vinniger by noodgevalle in die Oord kan uitkom. Die ambulanspersoneel is voorsien van ‘n behoorlik toegeruste ruskamer waar hulle kan ontspan of selfs ‘n uiltjie kan knip tussen uitroepe.

## Kantoorure

Neem kennis van die ontvangs en kombuis se kantoorure:

**Ontvangs**
07:45 – 12:00 (12:00-12:30 gesluit vir ete)
12:30 – 15:45
Ontvangs is slegs een naweek ’n maand oop (Sien kennisgewing by ontvangs)

**Kombuiskantoor (Kagiso)**
08:00 – 11:00 (Tussen 11:00 en 14:00 gesluit vir opskep en aflewering van etes)
14:00 – 15:00

*SANITEER U HANDE & DRA ASB U MASKER!*